

H O O F S T U K X I.

DIE PLEK VAN VREEMDE-TAALONDERWYS BINNE DIE  
RAAMWERK VAN 'N REKBAARDE STELSEL.

1. Agtergrond van die voorgestelde skemas.

(a) Die voorgestelde reorganisasie-skema vir ons middelbare onderwys in Suid-Afrika<sup>1</sup> leen homself tot baie groot rekbaarheid, ook wat betref die hersiening van ons verouderde programme vir die vreemde-taalonderwys. Met die beoogde stelsel van gedifferensieerde onderwys, verruiming van die middelbare skoolkursus, inkorting van die eksamenvereistes, en die voorgestelde hervormings in die eksamenstelsel waardeur die aksent van die simbool- en feitekennis-verering op die wyere belangstellingslewe, ryper insigte en algemeen-geestelike groei van die leerling verskuif word, word daar nuwe perspektiewe geopen in sake die moontlikhede om 'n meer uitgebreide program van vreemde-taalonderwys op 'n geheel nuwe grondslag te plaas, waardeur Suid-Afrika 'n groot agterstand teenoor die buiteland kan inhaal.

In Hoofstuk IV het dit geblyk dat die taalonderwys die veel sydigste beroep op die geesteskragte van die mens maak, en dat die studie van vreemde tale in hierdie verband van besondere waarde kan wees vanweë sy versterkende funksie by die moedertaalonderwys, die verruiming van die lewensuitkyk en verryking van die sielservaring. Om hierdie rede het die waarde wat die kennis van vreemde tale vir die opgevoede mens het, nog altyd 'n besondere erkenning in die Europese middelbare skoolstelsels geniet<sup>2</sup>. Signhild Gustavson kon in hierdie verband van die Sweedse student opmerk dat sy kennis van Engels, Frans en Duits van hom 'n wêreldburger gemaak het<sup>3</sup>. Dit verbaas 'n mens dan enigensins dat sommige van die jongste aanbevelings in ons land die studie van 'n derde taal slegs tot die laaste twee jaar van die hoërskoolkursus en/of tot 'n kleiner eksklusiewe groepie wil

---

1. Hoofstuk X.5.

2. Sien Hoofstuk IX.1.

3. Gustavson: "Some Aspects of Modern Language Teaching in Sweden".....in "The Modern Language Journal", Vol.15 (1930-31), bl. 343.

beperk<sup>1</sup>. Volgens die gegewens tot ons beskikking blyk dit dat daar in die meeste Europese lande reeds op ongeveer 12 plus jaar 'n begin gemaak word met die studie van vreemde tale<sup>2</sup>; en hoewel die omstandighede in Suid-Afrika ietwat verskillend is omdat ons leerlinge reeds heel vroeg in die primêre skool met die studie van die tweede taal moet begin, sal 'n groter veralgemening van die kursus in die derde taal tesame met 'n verlenging daarvan tot minstens drie jaar vir die eenjarige Juniorsertifikaat- en tweejarige Seniorsertifikaat-kursusse in die voorgestelde Seniorhoërskool<sup>3</sup> ons oorweging werd wees. Teenoor die algemene praktyke in die Sentraal-Europese en Skandinawiese middelbare skoolstelsels waarin drie vreemde tale in die reël verpligtend is vir alle leerlinge, blyk dit duidelik uit ons onderwysstatistieke dat die grote gros middelbare skoolleerlinge in Suid-Afrika slegs die twee landstale bestudeer<sup>4</sup>, en gevolglik nie daardie voorsprong van 'n ryker geestelike ontwikkeling en 'n dieper kulturele agtergrond wat die vreemde-taalstudie bied, met die Europese student in gemeen het nie. Hierdie feit is ener syds te verklaar uit die enge sesvak-basis van ons stelsel waarby dit onmoontlik sou wees om te veel tale te bestudeer sonder dat ander noodsaaklike kennisgebiede en lewenskontakte waarvoor die hoërskool voorsiening moet maak, in die gedrang sal kom. Andersyds moet die rede ook gesoek word in die feit dat die gebruikelike programme vir die onderwys van vreemde tale in Suid-

- 
1. Vergelyk: (a) De Villiers-verslag, par. 353.  
(b) "Die Unie", 1 Mei 1949, bl. 244 en 236 (Openingsrede van die Voorsitter voor die 45ste kongres van die S.A.O.U.)  
(c) Verslag van die Natalse Onderwyskommissie, 1946, par. 161.
  2. (a) Sien Hoofstuk IX.1.  
(b) Vergelyk o.m. die volgende vir die beginsels wat ten grondslag lê aan hierdie praktyke:
    - (i) Hadow-verslag bl. 211
    - (ii) Sleight: "The Organisation and Curricula of Schools" 114.
    - (iii) Coleman: "The Teaching of Modern Foreign Languages in the United States", 35.
  3. Sien Hoofstuk X.5 (b).
  4. Vergelyk: "Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika", 1947, bl. 41-43.

Afrika in die behoeftes van 'n heel geringe aantal leerlinge voorsien. Ons sou hierdie twee stellings as volg kon toelig:

(i) Kenmerkend van die Europese stelsels waarin ons die ruime voorsiening vir vreemde-taalonderwys vind, is juis die groot aantal verpligte vakke waarvan die gebruiklike twee, drie of meer vreemde tale slegs 'n gedeelte vorm, en die dienooreenkomstige inkorting van die eksamenvereistes, veral in die byvakke, terwyl die verdere spesialisasie in 'n paar hoofvakke as 'n sekere waarborg dien dat die middelbare kursus nie in blote oorsigtelikheid en oppervlakkigheid sal verval nie. Daarom is dit ook opvallend dat daar minder vreemde tale bestudeer word in die Amerikaanse hoërskool waarin die aantal vakke veel meer beperk is as in die Europese skole.

(ii) In Hoofstuk VII is daar volledig aangetoon hoe die leerlinge oor die algemeen op ons verouderde werkprogramme en eksamenvereistes vir Duits as derde taal reageer. Dis in hierdie verband dat Le Clus die "lees van interessante en gepaste boeke" aanbeveel het "...wat die studie van die taal van sy sleurwerk sal onthef en dit vir die leerling en onderwyser 'n plesier sal maak, iets blywends waaruit die leerling ook na die einde van sy skoolloopbaan genot en voordeel sal kan put"<sup>1</sup>, omdat die vermoë om 'n vreemde taal te kan verstaan en lees reeds aan die leerling 'n gevoel van mag en daardie wyer kulturele agtergrond gee waardeur 'n blywende doelstelling bereik word. Ons sal hier ag moet slaan op die lesse uit die buiteland, waar die praktyke eerder in die rigting van die breër agtergrond waardeur die minder intensiewe studie van verskeie vreemde tale besorg word, beweeg, as die meer intensiewe studie van een vreemde taal<sup>2</sup>. Daarom sal ons in Suid-Afrika ook reeds met voordeel aandag kan skenk aan die vraag of ons nie aan ons leerlinge 'n

---

1. Le Clus: "'n Histories-Kritiese Studie van die Administrasie en Organisasie van Middelbare Onderwys aan Blankes in Kaapland....", 447.

2. Hoofstuk IX. 1 (a).

groter diens sou bewys, indien ons hul liefs 'n redelike lees-kennis in twee vreemde tale soos Duits en Frans (Italiaans, Spaans of Bantoe) sou besorg, in plek van al die energie-ver-spilling op die nuttelose doelstelling van skriftelike taalbe-heersing in 'n vreemde taal soos Duits wat selde of ooit gehoor en nooit weer geskryf word nie.

(b) Die groot ideaal wat terselfdertyd 'n lang-gevoelde behoefte in ons land is, het dan nog altyd van 'n tweeledige aard gebly:

- (i) die verruiming van die middelbare skoolkursus sonder om daardeur die leerlinge óf verder te oorlaai, óf die voordele van 'n gedeeltelike spesialisasie in die latere adollesente jare prys te gee;
- (ii) om in die vreemde tale, soos trouens in elke ander vak, gedifferensieerde kursusse aan te bied wat beter aangepas is by die behoeftes van en doelstellings vir die verskillende groepe leerlinge.

Dit is egter juis hier waar ons stelsel nog altyd gefaal het. In 'n vak soos Duits moet die grote gros leerlinge wat geen verdere universitêre opleiding in dié vak beoog nie en vir wie 'n lees-kennis van die taal en kennismaking met die leefwyse, volks-gewoontes en kultuur van die vreemde volk die enigste begeerde doelstelling is, nog altyd dieselfde kursus volg en aan dieselfde eksamenvereistes onderwerp word as die aspirant-universiteit-student. In 1926 het vérsiende inspekteur Booysen van Natal reeds hierdie leemte besef, toe hy aan die hand gedoen het dat die tale in grade A (400 punte), B (300) en C (200 punte) ver-deel moes word, waarby dit die leerling dan vry moes staan om Duits as 'n B- of C-taal aan te bied<sup>1</sup>. Ewe-as in die geval van baie ander aanbevelings wat 'n verbetering op die bestaande prak-tyke beoog<sup>2</sup>, het dit hier egter ook nie verder as die blote aan-

---

1. Natal: "Report of the Superintendent of Education for the Year 1926", bl. 25.

2. Sien jaarverslae van Onderwysdepartemente, Verslae van Onder-wys-kommissies, ens.

beveling gekom nie, omdat daar vir so 'n skema geen plek in die bestaande onbuigsame stelsel van middelbare onderwys sou wees nie.

2. Minimum verpligting en gedifferensieerde kursusse vir vreemde-taalstudie.

(a) In die voorgestelde reorganisasie-skema vir die middelbare onderwys in ons land word daar, egter, voorsiening gemaak vir 'n kombinasie van die volgende kragpunte in die verskillende buitelandse stelsels, waardeur daar ook 'n oplossing vir die genoemde probleme in verband met ons vreemde-taalonderwys gevind kan word:

- (i) die kontinentale aksentverskuiwingspraktyke in 'n stelsel van hoof- en byvakke waardeur die behoud van sowel die noodsaaklike wye algemene kursus as die semi-spesialisasie in 'n paar rigtings verseker word, is as uitgangspunt vir die voorgestelde Senior Sertifikaat-kursus aanvaar, wat as die gewone Skooleind-ideaal gesien word;
- (ii) die Engelse uitskuiwings-praktyke by die keuse van twee hoof- en twee byvakke vir die Hoogste Skool Sertifikaat-eksamen is as grondslag aanvaar vir die periode van algehele spesialisasie in die voorgestelde Gimnasium-kursus ter voorbereiding vir universitêre studie;
- (iii) die Duitse stelsel van 'n gedeeltelik-interne, gedeeltelik-eksterne eksamen is as uitgangspunt vir die Senior Sertifikaat-eksamen geneem, en die Amerikaanse keuringsmetodes vir universiteits-toelating as 'n aanbeveling vir die Gimnasium Sertifikaat-eksamen.

In hierdie skema is daar vir alle Seniorhoërskool-leerlinge 'n minimum verpligting van minstens twee periodes vreemde-taalonderwys vir die eenjarige Junior Sertifikaat-kursus, en 'n voorgesette kursus van minstens een periode per week in of 'n derde taal of Volkekunde-Bantoeologie in die tweejarige Senior Sertifikaat-kursus<sup>1</sup>. Gevolglik ontvang slegs dié Juniorhoërskool-

---

1. Sien Tabel XLIII.

leerlinge wat nooit na die Seniorhoërskool oorgeplaas word nie en in 'n vakkundige beroepsrigting uitskuif, hoegenaamd geen onderwys in 'n vreemde taal nie.

(b) Die groter rekbaerheid in die voorgestelde metodes van eksamenbeheer leen hom ook tot verskillende gedifferensieerde kursusse in die vreemde tale na gelang van die behoeftes van die verskillende leerlinge. Vir die Gimnasiumkursus kan die tale as hoof- of byvakke aangebied word (8 en 2 uur onderwys per week onderskeidelik); en vir die Seniorsertifikaat-kursus is daar die moontlikhede van vier- of vyfperiode-hoofvakke waarvoor die eksamenvereistes weinig verskille hoef te toon, en die een-, twee- of drieperiode-byvakke waarvoor daar slegs die moontlikheid van 'n mondelinge eksamen (ter kontrolering van die toegekende jaarsyfer) bestaan. Hoewel baie min skole vir al hierdie kursusse voorsiening sal kan maak, sal so 'n stelsel veel groter vryhede aan die skole laat om hul programme na hul besondere behoeftes en omstandighede op te stel; en daarby sal daar sulke geringe verskille in die leerplan- en eksamenvereistes vir enige twee opeenvolgende periode-basisse bestaan, dat die leerling baie maklik van een na 'n ander sal kan oorskakel sonder dat die skool-administrasie of die klasonderwys op enige noemenswaardige wyse beïnvloed sal word.

Uit Tabel XIII sal die volgende moontlike keuses blyk, wat dikwels oorweging sal geniet:

- (i) Leerlinge wat in tale wil spesialiseer, sal waarskynlik een van die ~~3~~ kursusse wat in onderstaande vertikale kolomme aangegee word, aanbied, met die verdere moontlikheid van "Sosiale Studies" as Hoofvak (2+3 periodes) teenoor Bantoeologie:

<u>Vak</u>	<u>Periodes</u>	<u>Periodes</u>	<u>Periodes</u>
3de taal....	5	4	4
4de taal....	3 (byvak)	4	3 (byvak)
Bantoeologie.	3 (byvak)	3 (byvak)	4

- (ii) Leerlinge wat 'n gemengde kursus met 5 periodes in Boekhou verlang, sal een van die volgende kursusse nuttig vind:

Die 3de taal en Bantoelogie as 4-periode-hoofvakke;

OF

Die 3de taal as 4-periode-hoofvak, plus een periode Lees van 'n 4de taal, plus Bantoelogie as 3-periode-byvak of 3 addisionele periodes in Rekenkunde-Wiskunde (hoofvak).

- (iii) Leerlinge wat die suiwer C-(Handels-) kursus volg, sal een van die volgende kursusse aanbied:

3de taal as 2-periode-byvak; of  
3de taal en Bantoelogie as 1-periode-byvakke; of  
3de en 4de tale as 1-periode-byvakke; of  
Bantoelogie as 2-periode-byvak.

- (iv) Leerlinge wat die suiwer B-(Wetenskaplike) kursus volg, sal waarskynlik of die 3de taal as 1- of 2-periode-byvak, of die 3de en 4de tale as 1-periode-byvakke aanbied.

3. Implikasies met betrekking tot leerplanvoorsiening vir die stelsel van gedifferensieerde vreemde-taalonderwys.

'n Stelsel sal ontwerp moet word waarvolgens hierdie gedifferensieerde kursusse op die mees doeltreffende grondslag van aanpassing aan die vereistes van die doelstelling vir die verskillende groepe leerlinge georganiseer moet word. In Tabel XIII (kolom 1) is die leerplanvereistes vir die vreemde tale as een-periode-byvakke reeds duidelik aangedui as die "Lees en Begrip" van dié tale. Die vraag in welke mate die studie van 'n derde taal in die Junior-sertifikaat-jaarkursus dié van 'n vierde taal sal bevorder om dieselfde leerplanne vir gelyke periode-basisse in dié twee tale in die tweejarige Skooleindsertifikaat-kursus te regverdig, val buite die bestek van hierdie verhandeling en sal hier onbeantwoord gelaat moet word. Aan die hand van al die vorige bevindinge in verband met die onderwys van Duits as derde taal kan daar op hierdie stadium, egter, 'n duideliker antwoord gevind word in sake die verlangde leerplan-aanpassing vir die verskillende kursusse in dié vak.